24-7 GEBED VIR HERLEWING
23 – 29 Januarie 2023

MAANDAG: 23 JANUARIE 2023
BEWAAR JOU HART

PROKLAMEER: PSALM 37
Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie, want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer. (Psalm 37:1-2). Sien ook Psalm 37:7-8.

Kom ons bid
Bid oor dringende kwessies wat ontevredenheid in jou lewe veroorsaak as gevolg van kwaaddoeners. Bely die gesindheid van jou hart oor hierdie kwessies teenoor die Here. Vra vir die Here om met jou te praat oor Sy perspektief oor hierdie sake. Rig jou gedagtes en gedrag volgens Sy Woord en vra die Heilige Gees om jou te help om in gehoorsaamheid aan God se stem en Sy Woord te wandel. Vra vir die Here om jou te help om in alle omstandighede tevrede te wees; om altyd jou oë op Hom gerig te hou en om nie op die voorspoed van die goddeloses te fokus nie.

DINSDAG: 24 JANUARIE 2023
STANDVASTIGE GELOOF

PROKLAMEER: PSALM 37

Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. (Psalm 37:3).

Kom ons bid
Vra vir die Heilige Gees om kwessies aan jou te openbaar waarmee jy sukkel om die Here mee te vertrou. Bely enige struikelblokke van wantroue, teleurstelling of ongeloof aan Hom. Dink na oor die Here se getrouheid teenoor jou in die verlede. Deel hierdie ondervinding van die Here se getrouheid teenoor jou met ander. Oorweeg ook om dan saam gebede van danksegging tot God te offer.
Bid vir mense wat dit moeilik vind om God in moeilike tye te vertrou. Bid dat hulle hulself in die teenwoordigheid van God sal verootmoedig en Hom opreg sal aanroep. Roep God namens hulle aan om in onwrikbare geloof in die Here se deernis en liefde te wandel.

WOENSDAG: 25 JANUARIE 2023
GOD SE VOORSIENING

PROKLAMEER: PSALM 37

Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. (Psalm 37:4).

Kom ons bid
Besluit om jouself in die Here te verlustig. Sê vir God hoeveel jy Hom nodig het en dat jy uitsluitlik van Hom afhanklik is. Vra Hom om vir jou te voorsien volgens Sy doel en wil. Bely dat Hy jou Voorsiener is.
Bid vir die werkloses, die armes en behoeftiges. Vra vir die Here om Homself aan hulle te openbaar. Bid dat hulle op Sy Woord en liefde sal reageer en in geregtigheid deur Christus sal wandel. *Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses…* (Psalm 37:16). *Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.* (Psalm 37:25).
Vra die Here om die werke van die bose wat deur vrees en hebsug veroorsaak word, bloot te lê.

DONDERDAG: 26 JANUARIE 2023
HERSTEL VAN GEREGTIGHEID

PROKLAMEER: PSALM 37

Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg. Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie. (Psalm 37:30-31).

Kom ons bid
Vra vir God om Sy mense nader aan Hom te bring deur Sy Gees, dat hulle tyd in Sy teenwoordigheid sal deurbring en sal groei in wysheid en insig. Bid dat hulle aan Sy Woord sal vashou, en Sy bevele en voorskrifte sal gehoorsaam en volg (Psalm 119:11).
Bid dat die Gees van wysheid op God se mense sal rus wat in invloedryke posisies in alle sfere van die samelewing werk. Vra vir die Here vir goddelike geleenthede waar hulle oplossings kan verskaf wat sal bydra tot die herstel van geregtigheid in jou stad of land.

VRYDAG: 27 JANUARIE 2023
TEENKANTING

PROKLAMEER: PSALM 37

Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg. Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie. (Psalm 37:30-31).

Kom ons bid
Dank die Here vir Sy belofte dat Hy altyd naby aan elkeen is wat in Sy geregtigheid wandel. Bid dat mense wat ter wille van die evangelie gedreig, misbruik en bespot word standvastig in hulle geloof sal bly. Bid ook vir diegene wat hulle daagliks teen onreg uitspreek, om te vra vir die leiding van die Heilige Gees om wyse raad en duidelike riglyne te verskaf sodat situasies kan verander. Bid dat hierdie woorde van Jesus in die harte van Sy volgelinge sal bly: *Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg…* (Matteus 5:44).

SATERDAG: 28 JANUARIE 2023
WAG VOORTDUREND OP DIE HERE

PROKLAMEER: PSALM 37

Vertrou op die Here en bly op sy weë; Hy sal jou weer laat opstaan om die land te besit, en jy sal die ondergang van die goddeloses aanskou. Ek het al gesien dat 'n slegte, roekelose mens geil opskiet soos 'n plant, en toe ek weer verbykom, was hy nie meer daar nie; ek het hom gesoek en hy was nêrens nie. (Psalm 37:34-36).

Kom ons bid
Dank God vir Sy belofte dat elke persoon wie in gebed op Hom wag, elkeen wie daagliks waak en in gehoorsaamheid wandel, die aarde sal beërwe. Wag vandag in gebed op God en bid dat mense aan bewind – in die regering, die onderwysstelsel, godsdienstige instellings, besighede en die mediese veld – tot die kennis van God sal kom. Bid dat hulle in die vrees van die Here sal wandel en nie slagoffers sal word van enige vorm van goddeloosheid nie. Vra vir die Here om hulle harte aan te raak om te doen wat reg is in Sy oë en dat hulle elke dag sal kies om in die vrees van die Here te wandel.

SONDAG: 29 JANUARIE 2023
GOD IS ONS KRAG

PROKLAMEER: PSALM 37

Die regverdiges word deur die Here gered. Hy is hulle toevlug in tyd van nood. (Psalm 37:39).

Kom ons bid
Bid vir mense wat persoonlike krisisse in die gesig staar om weg te kyk van hul omstandighede en op God te fokus. Vra vir die Heilige Gees om God se mag en krag aan hulle te openbaar. Bid dat hulle sal erken dat Hy die God van alle mense is en dat niks vir Hom te moeilik is nie (Jeremia 32:27). Bid vir elkeen wie 'n deurbraak in hul lewe ervaar om die Here se Naam te verheerlik vir Sy antwoord op hul gebed.
Bid dat krisisse in mense se lewens hulle nader aan God en Sy teenwoordigheid sal bring.